



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 42

18 Oktober 2026

Oorwin DIE kwaad deur die GOEIE

Rom 12:9-21 Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. Moenie julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed. Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie.

Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: “Dit is Mý reg om te straf; Ék sal vergeld,” sê die Here. As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte.”

Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

Elke dag kry ons die geleentheid om deur die bose beïnvloed te word óf om ander met die goedheid van Christus te beïnvloed. Vra die Here om jou te help om só te reageer dat jy Hom eer met die wete dat Sy liefde sterker is as enige duisternis wat jou in die gesig staar.

Weier dat die bose jou reaksie bepaal

Wanneer ons seergemaak, verwerp of sleg behandel word, is ons natuurlike neiging om terug te kap. God roep ons egter om anders te reageer – om genade bo wraak te kies en liefde bo haat.

Goedheid weerspieël die karakter van Chrisatus

Jesus het die bose oorwin deur nederigheid, vergifnis en Sy opofferende liefde. As Sy volgeling word ons geroep om Sy goedheid te wys, selfs in moeilike omstandighede.

Goedheid het die krag om die bose te ontwapen

Dade van vriendelikheid, deernis en vergifnis kan harde harte versag en siklusse van bitterheid en verdeeldheid breek. God se goedheid wat deur ons werk, word ‘n getuienis van Sy veranderende krag. – Keith Strugnell

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde en natuurramp gebiede.
- Vir die plaaslike verkiesing.
- Vir almal wat besig is met matriek eksamens.

Gebedsversoeke

- | | |
|-------------------------|------------------|
| • Lottie Conradie | Hettie Singleton |
| • Annie Brink | Boland le Roux |
| • Juanita Rossouw | Janine Vorster |
| • Tannie Sannie Wentzel | Marelize de Wet |
| • Anton Prinsloo | Hennie Coetzee |
| • Madelein Els | Wildie Meiring |
| • Martie van Staden | |

Gedagte vir die week

**“Vader vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”
Luk 23:34**

Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

